



*Leef* **NOU LEEFGROEPE**  
waar jy ook al is wanneer jy daar is

**ASEM IN. ASEM UIT**  
**SIKLUS 1**  
**Week 3**



# God se asem tussen bladsye

- Week 1: Wanneer God fluister
- Week 2: Om God te **Google**
- **Week 3: Asem in. Asem uit**
- Week 4: Hoe om te boer in die Bybel
- Week 5: Spieëltjie, spieëltjie in my hand
- Week 6: Kweek die regte aptyt

# WEEK 3

- Asem in. Asem uit -

14-20 Februarie 2021

# MENS TOT MENS

---

- Beantwoord die volgende vrae:
  - Gesels met mekaar oor watter take in en om die huis hou jy die meeste van? Watter take hou jy die minste van?
  - Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
  - Vertel vir mekaar van 'n baie spesiale teksgedeelte in die Bybel. Dalk kan jy n storie deel oor wat die teksgedeelte al vir jou beteken het.

# MENS TOT GOD

---

Steek 'n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid

Luister na 'n geestelike lied en word stil in die Here se teenwoordigheid



# GOD TOT MENS

---

1. Kyk na die tweede video van die reeks:

<https://www.youtube.com/watch?v=BuxQt9GPm0Y&t=3s>

## 2. Lees saam Psalm 1:1-3 en Deuteronomium 6:4-9

- Gesels 'n bietjie oor die opdrag van Deuteronomium 6:4-9. Dink julle dit gebeur nog in vandag dat mense hul hieraan hou? Gesels oor hoe julle as gesin hieraan gehoorsaam is.
- Watter geloofsgewoontes volg julle as gesin om geestelik te groei?
- Noem die vyf geloofsriglyne wat die Here vir sy volk in Deut. 6 gee. Gesels oor elkeen of kies een en vertel mekaar hoe julle dit kan doen. Kyk ook na Psalm 1:2.
- Albei tekste vra dat die Bybel deel moet wees van ons daaglikse lewe. Wie het in jou lewe die grootste rol gespeel om die Bybel deel van jou lewe te maak? In wie se lewe speel jy dalk nou 'n rol om die Bybel deel van daardie persoon se lewe te maak? Indien daar nie iemand tans is nie – dink 'n oomblik na oor wie die Here op jou pad plaas.

# MENS TOT MEDEMENS

---

## *Leef***GEWOONTES**

**is om ons daarin te oefen om bewus van God te leef**

Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep 'n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe.

- Hoe kan julle as *Leef***GROEP** mekaar help om gestruktureerd deur die Bybel te lees?
- Kyk na die riglyne van **Lectio Divina** op die laaste bladsy. Gesels met mekaar oor hoe julle die riglyne kan volg om die Bybel te lees.

# Onthou-tekse

---

## Leer die week Deuteronomium 6:4 en 5

(2020 Direkte vertaling - <https://biblesa.co.za/> )

<sup>4</sup> “Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.  
<sup>5</sup> Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel,  
met al jou krag.”





# Dink dinge

---

Deuteronomium 6:6 sê: “Hierdie gebooi wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.”

1. Skryf Deuteronomium 6:4-5 op `n kaartjie,
2. dra dit die week by jou en
3. probeer die vers memoriseer.
4. Oordink hierdie week die vers en wat dit vir jou lewe beteken.

# Doen dinge

---

- Lees Deuteronomium 6:4-9 en dink aan maniere waarop jy gedeeltes in die Bybel meer sigbaar in jou huis kan maak. Moontlik by die voordeur of in jou gang of slaapkamer of in jou motor.
- Skryf tekste wat vir jou waarde het op kaartjies of op die muur as herinneringstekens.

# VOORBIDDING

---

- Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Dank God daarvoor.
- Spreek julle versugting in gebed uit om volkome onder die beheer van die Heilige Gees te lewe.
- Dank die Here vir Sy Woord in ons lewens.

# Om te lees hierdie week

---

## BYBELROOSTER

DAG	OU TESTAMENT	NUWE TESTAMENT
1	Nehemia 2:11-18	Filippense 4:4-9
2	Ester 4:12-17	Kolossense 3:12-17
3	Job 42:1-6	1 Tessalonisense 4:13-18
4	Psalm 8:1-10	2 Tessalonisense 2:13-17
5	Spreuke 3:1-10	Efesiërs 6:10-17
6	Prediker 1:1-11	

# LECTIO DIVINA

- 'n manier van Bybel lees

- Begin** Raak stil, dink na oor hoe jy God vandag/die week/sedert ons laaste byeenkoms ervaar het. Deel jou ervaring in stilgebed. Een persoon open die byeenkoms met 'n gebed hardop.
- Lees** Een persoon lees die teks hardop. Stadig.
- Reflekteer** Een minuut van stilte. Watter woord/frase het my aandag getrek?
- Deel** Elke persoon kry geleentheid om sy/haar woord of frase te deel sonder enige kommentaar of uitleg vanaf die res van die groep.
- Lees** 'n Ander persoon lees die teks hardop, verkieslik vanuit 'n ander vertaling.
- Reflekteer** 3-5 Minute van stilte. Waar raak hierdie gedeelte my lewe aan?
- Deel** Elke persoon deel sy/haar gedagtes, maar begin met die frase: *Ek hoor/Ek sien....*
- Lees** 'n Derde persoon lees die teks hardop, verkieslik weer vanuit 'n ander vertaling.
- Reflekteer** 3-5 Minute van stilte. Vanuit dit wat ek gehoor het en self gedeel het, wat wil God hê moet ek wees en doen vandag? Hierdie week?  
Hoe noui God my uit om te verander?  
Dan: wat wil God hê moet ons gemeenskap wees/doen?  
Waartoe noui God ons gemeenskap uit om na te verander?
- Deel** Elke persoon deel sy gedagtes, maar begin met die frase: *“Ek glo God wil hê ek moet....”*
- Gebed** Elke persoon bid hardop vir die persoon aan sy/haar regterkant. Bid net vir dit wat die persoon gesê/gedeel het in die vorige stap. Elkeen bid verder die res van die dag/week vir die persoon aan sy/haar regterkant.
- Oordenking** Raak stil in God se teenwoordigheid vir 1 minuut.